Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENDAG, 23 MEI 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 MAART 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 APRIL 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 April 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 MEI 2018

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 MEI 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 12 APRIL 2017

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 APRIL 2018

6.1.1 ITEM 7.7: TENDER L06.17.18: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDS-EIENDOM TE DARLING

Die Raad het in Oktober 2017 in-beginsel goedkeuring verleen vir die vervreemding van erf 4230, Darling by wyse van 'n openbare tender. Met die sluiting van die tender op 13 Februarie 2018 is daar twee tenders ontvang wat beide die reserweprys van R209 000.00 oorskry het.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die koper 'n ontwikkelingsplan vir die eiendom en bouplanne moet indien teen nie later nie as 31 Desember 2018 en dat oordrag van die eiendom nie sal plaasvind alvorens die gemelde planne goedgekeur is nie.

BESLUIT

(a) Dat Tender L06.17.18 vir die verkoop van erf 4230, Darling soos volg toegeken word:

	Erf 4230, Darling
RESERWEPRYS	**R 209 000.00**
Tenderaar	NO Mbobo
Finansiële aanbod (BTW uitgesluit)	R305 000.00

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van erf 4230, Darling soos per voormelde skedule;

(c) Dat die ontwikkelingsplan aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

7. NUWE SAKE

7.1 EERSTE HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die Raad se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet in terme van artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Stelselswet, 2000 op ’n jaarlikse basis hersien word.

Die voorsitter bevestig dat hierdie die eerste hersiening is van die 2017-2022 GOP en behandel die veranderings wat sedert Mei 2017 genoodsaak is – onder andere – die droogtetoestand, opgedateerde wyksprioriteite en nuutste inligting insake die profiel van die Swartland ingevolge 2017 MERO en SEP-verslae.

Gedurende die publieke deelname proses is daar slegs insette ontvang vanaf die Hoofsweep van die ANC-kantoor en noem die voorsitter dat die insette oorweeg is, en in detail in die verslag aan die Raad behandel sal word.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2018)

Dat die eerste hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die hersiene areaplanne, na die Raad vir goedkeuring verwys word.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2018/2019, 2019/2020, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS (5/1/1/1-2017/2018; 5/1/1/2-2017/2018)

Die Munisipale Bestuurder, op versoek van die voorsitter, gee die agtergrond tot die Artikel 78-ondersoek wat bykans gefinaliseer is insake die oorname van grootmaat waterbates vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit.

Gedurende 2000 is die plaaslike B-munisipaliteite as Waterowerhede afgekondig deur die Minister van Waterwese, maar die waterskema is steeds bedryf deur die voormalige Weskus Afdelingsraad, later die Weskus Streeksdiensteraad en tans die Weskus Distriksmunisipaliteit. Die effek van die in werking treding van verskeie wetgewing en regulasies sedertdien is dat die bates wat by die Weskus Distriksmunisipaliteit gesetel is, ontbondel moet word en oorgedra word na die betrokke b-munisipaliteite, synde die Waterowerhede.

Ingevolge artikel 78 van die Wet op Plaaslike Regering: Stelselswet, 2000 word bepaal dat indien die model van dienslewering verander, daar ‘n proses deurloop moet word om vas te stel wat die nuwe voorkeur model moet wees, vandaar die Artikel 78-ondersoek.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Artikel 78-ondersoek drie moontlike modelle opgelewer het en weens die feit dat drie B-munisipaliteite betrokke is, en die voorkeur model vir elke munisipaliteit kan verskil, daar kompromieë aangegaan sal moet word. Intussen is dit noodsaaklik om die bestaande diensvlak ooreenkoms te verleng om geleentheid te gee om die administratiewe handelinge te volvoer.

Die voorsitter gee verder geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die item voor te lê. Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die wysigings aan die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting sedert die 90-dae begroting in Maart op 22 Mei 2018 aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgehou was.

Die Direkteur: Finansiële Dienste hou enkele hoogtepunte uit die verslag voor en noem dat die grootste uitdaging ter voldoening van artikel 152 van die Grondwet is, met verwysing na die inflasiekoers, om volhoubare dienslewering binne die finansiële vermoëns van die Munisipaliteit te verseker.

Dit word weereens beklemtoon dat die meerjarige begroting opgestel is om in die behoeftes van die armste van die armes te voorsien (*pro-poor*).

7.2/...

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat dit ‘n verantwoordelike begroting is met verantwoordelike verhogings binne uiters moeilike makro-omstandighede ten einde te verseker dat die gemeenskap van Swartland die beste voordeel in terme van dienslewering kan verkry.

Die voorsitter behandel voortaan die publieke insette wat ontvang is, synde dié van Yzerfontein Inwonersvereniging, ten einde te bepaal in watter mate dit wysigings aan die begroting mag meebring. ‘n Volledige verslag in hierdie verband sal aan die Raad voorgelê word ten einde te voldoen aan Artikel 23 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA).

Die voorsitter bedank die gemeenskap van die Swartland vir hul samewerking om gedurende Februarie ‘n 59% waterbesparing te realiseer wat ‘n bydraende faktor was om dag-Zero vry te spring.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 30 Mei 2018)

(a) Dat die insette ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging, hanteer is deur die Uitvoerende Burgemeester (verwys Aanhangsel D) en verder finaal hanteer sal word in die raadsvergadering van 30 Mei 2018 soos toegelaat word ingevolge Artikel 23 van die MFMA insover die insette betrekking het op die 2018-2019 Meerjarige Begroting;

(b) Dat die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2018/2019 – 2020/2021 finansiële jare goedgekeur word as finaal;

	Oorspronklike Begroting 2017/2018	**Aansuiwerings-begroting 2017/2018**	**Oorspronklike Begroting 2018/2019**	**Oorspronklike Begroting 2019/2020**	**Oorspronklike Begroting 2020/2021**
Kapitaalbegroting	R 81 242 586	R 110 073 122	R 87 245 909	R 97 544 038	R 123 974 860
Bedryfsuitgawes	R 664 697 875	R 668 442 676	R 698 278 426	R 711 223 093	R 730 314 794
Bedryfsinkomste	R 695 180694	R 741 252 229	R 746 205 036	R 792 475 517	R 831 670 644
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 30 482 818)	(R 72 809 553)	(R 47 926 610)	(R 81 252 425)	(R 101 355 849)
Minus Kapitaal Toekennings	R 35 075 916	R 61 390 842	R 36 975 000	R 42 261 000	R 42 685 000
(Surplus)/ Tekort	(R 4 593 098)	(R 11 418 711)	(R 10 951 610)	(R 38 991 425)	(R 58 670 849)

Nota: Die 2019/20 and 2020/21 Inkomste begrotings sluit Provinsiale toekennings in waarvoor nog geen uitgawe projekte gefinaliseer is nie. (**2019/20** sluit in R23 780 miljoen Dep Nedersettings befondsing en **2020/21** sluit in R24 800 miljoen Dep Nedersettings befondsing)

(c) Dat die Raad die eindomsbelastingstariewe, tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2018/19– 2020/21 Final Budget and Tariff File)** goedgekeur as finaal;

(d) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure B: Budget Report and A-Schedules 2018/19– 2020/21)**, goedgekeur word as finaal;

(e) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe van 6,8% vir die 2018/2019 finansiële jaar goedkeur, met in ag neming daarvan dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(f) Dat die wysigings aan die begrotingsverwante beleide soos vervat in **(Annexure C: Budget Related Policies 2018/19)**, goedgekeur word;

7.2/…

(g) Dat daar kennis geneem word dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 731 293 vir die finansiële jaar;

(h) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

(i) Ten opsigte van alle personeel, uitgesluit die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, 'n verhoging van 7% vir 2018/2019; 7% vir die 2019/2020 en 2020/21 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging. Voormelde is nieteenstaande die feit dat die Munisipaliteit 'n mandaat aan SALGA op die mandaatvergadering van 4 Mei 2018 gelewer het om verhogings met in ag neming van die hoofinflasie op ongeveer 5,3% te hou;

(ii) Ten opsigte van die Munisipale Bestuurder, 2,5% per dienskontrak of die hoër persentasie sou die vasstelling ingevolge die bo-perke hoër is as die pakket wat ingevolge die dienskontrak bepaal word;

(iii) Ten opsigte van die Direkteur: Finansiële Dienste, 0%, en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste beperk tot die Bo-perke bepaling wat tans 5,3% is soos bepaal deur die konsep Bo-perke kennisgewing;

(iv) Dat ‘n mandaat aan die Munisipale Bestuurder verleen word om met die formaliteite te handel rakende die aansoek om kwytskelding na COGTA vir die Direkteur: Finansiële Dienste en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;

(v) [1]Ten opsigte van die ander vier artikel 56-aanstellings, te wete die Direkteur: Beskermingsdienste (DB), Direkteur: Ontwikkelingsdienste (DO), Direkteur: Elektriese Dienste (DE) en die Direkteur: Korporatiewe Dienste (DK) ‘n verhoging van 7% met ingang van 1 Julie 2018 en dat laasgenoemde (wat nie onder die bo-perk bedeling aangestel is nie) se basis van vergoeding gelyk gestel word aan eersgenoemde drie terugwerkend vanaf 1 Julie 2017;

(vi) Dat daar kennis geneem en goedkeuring verleen word dat die dienskontrak van die DE, DO, DB en DK met die posbekleërs se instemming gewysig word – by wyse van ‘n addendum – om die bepaling wat handel oor die salarisaanpassings wat deur ‘n professionele vergoedingskonsultant (*Work Dynamics*) jaarliks gedoen moet word te vervang om die salarisaanpassings gelyk te stel aan die aanpassing van die res van die personeel wat op Bedingingsraadvlak bepaal word;

(vii) Dat daar kennis geneem word dat een van die bydraende faktore tot Swartland Munisipaliteit se sukses, die feit is dat Swartland Munisipaliteit nog nooit prestasiebonusse betaal het nie, welke stelsel die volgende voordele gehad het, synde –

- innoverende doelwitte, indikatore en teikens;
- om die regte kontroles in plek te stel;
- die prestasiebestuurstelsel uit te brei na alle middelvlakbestuurders;
- om die munisipaliteit van ‘n goeie munisipaliteit na ‘n uitnemende munisipaliteit te neem en dat die posbekleërs – soos die res van die personeel – ‘n 13de tjek, oftewel 8% ontvang het;

(viii)/...

[1] Paragraaf (h)(i) tot (ix) word In-komitee hanteer na afloop van die vergadering

7.2/...

(viii) Dat daar kennis geneem word dat die Bo-perk Kennisgewing erkenning verleen aan die betaling van prestasiebonusse tot seveel as 14% en dat goedkeuring verleen word – weens die Bo-perk bedeling wat aanleiding gee tot ongelyke beregtiging – die personeel wat hierdeur geraak word synde die Direkteur: Finansiële Dienste, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Munisipale Bestuurder, dieselfde 13de tjek bedeling (beperk tot 8,33% - soortgelyk aan pre 2014 aanstellings) ontvang in die plek van 'n prestasiebonus-stelsel, onderhewig daaraan dat die Munisipale Bestuurder regsadvies inwin aangaande die hantering daarvan.

(ix) Voorsiening is gemaak vir 'n 6% verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(i) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2019/20 finansiële jaar;

(j) Dat die raad goedkeuring gee en kennis neem van die oorname van die waterbates vanaf die Distrik gebaseer op 'n funksionele verdeling (waarde van bates word tans gefinaliseer word) en eksterne lenings van die Distrik wat gekoppel is aan die voorgenome ter waarde van sowat R 24, 4 miljoen waarvan die lenings se vereffeningsdatums vanaf 30-06-2020 tot 31-12-2022 is en dat die rente gedeeltes in die finale begroting oor die MTREF geïnkorporeer is sonder enige impak op watertariewe of heffings binne of buite die MTREF want dieselfde was en is tans in Swartland Munisipaliteit se grootmaatwaterheffings van die WKDM ingesluit en sal nie deel vorm daarvan met effek vanaf 1 Julie 2018 en dat dieselfde deelvorm van die publieke deelnameproses ondanks die feit dat geen nuwe lenings opgeneem sal word met die oordrag van hierdie bates nie.

(k) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die pogings om die totale verhoging in uitgawes tot slegs **4.5%** (ingesluit bedryfstoekenning uitgawes) vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar te beperk, groei in inkomste van slegs **0.7%** (**4.3%** kapitale toekennings uitgesluit) in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede vir dieselfde periode, sowel as die kontantvloei-staat vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **7.4 maande** vir 2018/2019; **7.8 maande** vir 2019/2020 en **7.9 maande** vir 2020/2021;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2018/2019 'n bedrag van **R 47 926 610**; 2019/2020 'n bedrag van **R 81 252 425** en 2020/2021 'n bedrag van **R 101 355 849 (kapitale toekennings ingesluit)**;

(l) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(m) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.2 soos vereis deur Nasionale Tesourie (meer besonderhede in Begrotingsverslag).

7.3/...

7.3 WYSIGINGS AAN DIE 2017/2018 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die SDBIP vir die 2017/2018 finansiële jaar is op 14 Junie 2017 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur en op 14 Februarie 2018 gewysig na aanleiding van die aansuiweringsbegroting wat op 31 Januarie 2018 deur die Raad goedgekeur is.

'n Verdere wysiging van die SDBIP is nodig in lyn met die tweede aansuiweringsbegroting wat op 29 Maart 108 deur die Raad goedgekeur is.

BESLUIT dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2017/2018 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.4 WYSIGINGS VAN AFDELINGSHOOFDE SE SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI's) EN TEIKENS VIR 2018/2019 (2/4/2)

Die hersiening van die GOP het te weeg gebring dat die sleutelprestasie-aanwysers wat deur 'n wysiging geraak word ook hersien moet word.

Die wysigings van die sleutel prestasie-aanwysers en teikens is saam met die GOP en begroting in April 2018 geadverteer ten einde gestalte te gee aan Artikel 42 van die Wet op Plaaslike Regering: Stelselswet, 2000.

BESLUIT dat die aangehegte wysiging van die sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens van die afdelingshoofde goedgekeur word.

7.5 WYSIGINGS AAN DIE SWARTLAND PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE (2/1/4/4/1)

Mnr John Lawson was die Raad gedurende 2015 behulpsaam met die opstel van 'n Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie. Die strategie is opgedateer met meer onlangse inligting en is die strategie ook met die 2017-2022 GOP belyn.

BESLUIT dat die wysigings van die Swartland Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingstrategie wat as Aanhangsel A aangeheg is, goedgekeur word.

7.6 HERSIENING VAN DIE LANGTERMYN FINANSIëLE PLAN (2/1/4/4/1)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die Langtermyn Finansiële Plan bepaal hoe die Raad sy finansiële hulpbronne moet gebruik om die behoeftes geïdentifiseer in die GOP gestalte te laat kry binne die beskikbare begroting.

Dit is belangrik dat die plan jaarliks hersien sal word om (1) tred te hou met uitdagings in die makro- en mikro omgewing, (2) die Munisipaliteit se doelwitte na te streef en (3) dat dit 'n refleksie sal wees van die betaalvermoëns van die gemeenskap. Die plan sal dus ook as riglyn dien vir realistiese inkomste beplanning.

BESLUIT dat die hersiening van die Langtermyn Finansiële Plan oorweeg en na die Raad vir goedkeuring verwys word.

7.7 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die nuutste wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid is as deel van Aanhangsel A met die sakelys gesirkuleer vir aanbeveling aan die Raad.

Die voorsitter dui die wysigings aan wat grotendeels handel met die hantering van afwykings van die voorgeskrewe verkrygingsproses bo en onder R30 000.

BESLUIT dat die voorgestelde wysigings van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid (Aanhangsel A) na die Raad verwys word vir goedkeuring met onmiddellike effek.

7.8 VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGBYDRAES VIR 2018/2019 (15/1/B)

Die item word voorgelê as wysiging van die besluit wat op 18 April 2018 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien het.

BESLUIT dat die vorige besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedateer 18 April 2018 ten opsigte van die "Brownfields" kapitaalontwikkelingsbydraes vir 2018/2019 reggestel word, deur die aangehegte "Brownfields" Kapitaalontwikkelings-bydraes vir 2018/2019 goed te keur.

7.9 HERSIENING VAN KOMMUNIKASIEVERWANTE BELEIDE (6/2/2/B)

Met die goedkeuring van die Kommunikasie Strategie vir 2017-2022 is daar besluit om die verwante beleide teen Junie 2018 te hersien.

Die betrokke beleide is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die hersiende beleide met betrekking tot Kommunikasie, Publieke Deelname en Sosiale Media goedgekeur word;

(b) Dat die Sosiale Mediabeleid weer eens aan sowel raadslede en amptenare gesirkuleer word, om kennis te neem van hul verantwoordelikhede daarvolgens.

7.10 AANBEVELING VAN WYSIGINGS TOT DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR M.V.N. WYSIGINGS AAN KORPORATIEWE DIENSTE EN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur, met spesifieke verwysing na die Direktoraat: Korporatiewe Dienste en die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste is reeds aan die Arbiedsforum voorgelê en word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2018)

Dat die Organisatoriese Struktuur in totaal aan die Raad aanbeveel word vir goedkeuring met verwysing na wysigings aan die struktuur van Korporatiewe Dienste en Siviele Ingenieursdienste vir implementering met ingang van 1 Julie 2018.

7.11 AANVAARDING VAN NUWE VUURWAPENBELEID EN STANDAARD BEDRYFSPROSEDURE (6/1/2/9)

'n Vuurwapenbeleid en Standaard Bedryfsprosedures is opgestel in oorleg met die Wet op Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000) en die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993).

Die toepassing van die beleid sal die voldoening aan toepaslike wetgewing en die veilige uitreiking en hantering van amptelike vuurwapens verseker om sodoende die verwante risiko's te mitigeer.

BESLUIT

(a) Dat die nuwe Vuurwapenbeleid en Standaard Bedryfsprosedures deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met effek vanaf 1 Junie 2018 goedgekeur word;

7.11/...

(b) Dat kennis geneem word dat die delegasies ingevolge die nuwe beleid as deel van die Stelsel van Delegasies aan die Raad voorgelê sal word.

7.12 UITSTAANDE DEBITEURE – APRIL 2018 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van April 2018.

7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.14 VOORRAADOPNAME: 2018

Die jaarlikse voorraadopname by die hoof magasyn en skryfbehoeftestoor op Malmesbury en die elektriesestoor op Moorreesburg is geskeduleer vir 21 Junie 2018.

BESLUIT

(a) Dat rdle R F van der Westhuizen en O M Stemele (sekundi, rdl M A Rangasamy) t.o.v. Malmesbury en rdle M van Zyl en O M Stemele (sekundi, rdl M A Rangasamy) t.o.v. Moorreesburg aangewys word om toesig te hou oor die voorraadopnames by die onderskeie plekke;

(b) Dat kennis geneem word dat die voorraadopname stiptelik om 09:00 op 21 Junie 2018 'n aanvang sal neem by die hoof magasyn te Malmesbury.

7.15 BYDRAE AAN BERGRIVIER KANOMARATHON (9/1/3/2)

Die jaarlikse Bergrivier Kanomarathon vind plaas vanaf 11 tot 14 Julie 2018. Die organiseerders het weereens die Munisipaliteit genader om 'n geldelike bydrae te maak tot die plaaslike ontwikkelingsroeiers en deelname deur buitelandse roeiers. Benewens hierdie bydrae sal die Munisipaliteit verantwoordelikheid neem vir die aanbring van baniere en rigtingaanwysers uit eie fondse.

BESLUIT

(a) Dat, uit hoofde van die Munisipaliteit se toerismemandaat in terme van die Grondwet, goedkeuring verleen word dat 'n bydrae ten bedrae van R50 000,00 aan die Weskaap Kanounie gemaak word ten bate van die Bergrivier Kanomarathon, uitsluitlik om die deelname van buitelandse en plaaslike ontwikkelingsdeelnemers te borg;

(b) Dat die balans van R4 000,00 aangewend word om uitgawes te delg vir munisipale baniere en rigtingaanwysers;

(c) Dat 'n Memorandum van Ooreenkoms met die organiseerders van die Bergrivier Kanomarathon gesluit word ter voldoening aan die vereistes in artikel 67 van die MFMA, in terme waarvan dit onder andere van die aansoekers vereis sal word om hul jongste geouditeerde finansiële state voor te lê alvorens enige uitbetaling geskied, en waarin 'n klousule ingesluit word dat die bydrae aan die Munisipailteit terugbetaal moet word indien die marathon weens die watersituasie nie sou plaasvind nie.

7.16 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 11 Junie 2018 tot 10 Julie 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.17 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 29 Mei 2018 tot 28 Junie 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.18 BESTUUR EN BEHEER VAN DIE YZERFONTEIN HAWE: VERLENGING VAN OOREENKOMS MET MNR ASHLEY CREWS (17/10/B)

Weens die feit dat die Yzerfontein Hawe en Yzerfontein Vismark sedert 2009/2010 teen 'n verlies deur die Munisipaliteit bedryf is, is 'n ondersoek deur die Interne Ouditeur gelas na die uitkontraktering van die diens met ingang van Augustus 2013.

Die Interne Ouditeur is weereens versoek om vir die 2017/2018 finansiële jaar 'n volhoubaarheidstudie te doen ten einde te bepaal of die ooreenkoms met mnr Crews verleng moet word. Die resultate is met die sakelys gesirkuleer.

7.18/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag van die Interne Ouditeur insake die bestuur van die Yzerfontein Hawe en gepaardgaande aanbeveling dat die ooreenkoms met mnr Ashley Crews verleng word;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die ooreenkoms met mnr Crews verleng word vir ‘n volgende termyn van een jaar met ingang van 1 Julie 2018 tot 30 Junie 2019 en dat die voorwaardes van die bestaande ooreenkoms van krag sal bly;

(c) Dat, gedurende die verlengde periode, daar ook ander opsies ondersoek word t.o.v. die bedryf van die Yzerfontein Hawe, byvoorbeeld die moontlike proklamasie daarvan of die verkryging van ander diensverskaffers deur middel van ‘n openbare tender om die hawe met ingang van 1 Julie 2019 te bestuur.

7.19 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: 2018 HERSIENING VAN BESIGHEID-KONTINUÏTEIT- EN RAMPHERSTELPLAN (17/5/B)

Die hersiende Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan vir 2018 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die wysigings wat aangebring is aan die Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan;

(b) Dat die hersiende 2018 Swartland Besigheidkontinuïteit- en Rampherstelplan goedgekeur word.

7.20 AANSTEL VAN WAARNEMENDE UITVOERENDE BURGEMEESTER (3/R)

Tydens die eerste vergadering van die vierde munisipale raad van Swartland Munisipaliteit gehou op 11 Augustus 2016 is die Uitvoerende Onderburgemeester aangewys om in die afwesigheid van die Uitvoerende Burgemeester, of wanneer hy nie beskikbaar is nie, as Uitvoerende Burgemeester waar te neem.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede kennis neem van die afwesigheid van die Uitvoerende Burgemeester vir die tydperk 31 Julie tot 24 Augustus 2018;

(b) Dat verder kennis geneem word dat rdh M S I Goliath aangestel is as waarnemende Uitvoerende Burgemeester.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER